**Fiela se kind - Die Drama (Daleen Mathee)**

**EERSTE BEDRYF (VERVOLG)**

**Bl. 50**

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

Lange: Tydens watter pes of ellende is jy gebore?

Fiela: Ek sal die Bybel gaan haal. Dis daarin geskrywe. (*Sy gaan haal die Bybel*.) Fiela Maria Apools. Geboren 19 Oktober 1836. In den huwelijk bevestigd met Selling Komoeti op 3 Januari 1859

1. Het Fiela dadelik geweet wanneer sy gebore is? Motiveer. (1)

2. Hoe het Fiela eienaar van die grond geword? (1)

3. Wie was eerste erfgenaam van Oude Wolwekraal ? (1)

4. Het Fiela regtig **vyf** kinders? Motiveer. (1)

5. Kies die korrekte antwoord.

   Die manier hoe Lange met Fiela praat is…

   A: ironies
   B: sarkasties
   C: minagtend
   D: verbasend (1)

6. Kies die regte woord in die blokkie wat by **(a)** *pagters* en **(b)***werfvolk* pas:

   | armmoediges plaaswerkers plakkers grondhuurders |
   |---|

   (2)

7. Watter kind **van Fiela** is die <u>oudste</u> en watter kind is die <u>jongste</u>? (1)

8. Hoe weet ons dat die sensusopnemer neersien op Fiela? (1)

**Bl. 51**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

| |
|---|
| Fiela: Tollie. Op die 17de November van 1858. Die jaar daarna is ek en Selling getroud en had ons nie kinders nie. Emma is eers die 6e Februarie van 1860 gebore, toe bou hulle aan die witmenskerk op die dorp met oorle oubaas Wehmeyer se geld.<br><br>Lange: Enige ander mense saam met julle in die huis?<br>Fiela: Op Wolwekraal se werf is nie plek vir **leeglêers** nie. |

9. Waarom dink jy het Fiela nie die naam van die vyfde kind nie dadelik aan die Lange gegee nie?
   9.1 Wie is die vyfde kind?
   9.2 Het Fiela regtig geweet wanneer die kind gebore is? Motiveer. (3)

10. Kies die korrekte woorde tussen hakies om die sin te voltooi:
    Op Wolwekraal se werf is daar nie plek vir (swerwers wat rondreis / mense wat te lui is om te werk ) nie (1)

11. Hoe reageer *Lange* en *Dikke* toe Benjamin verskyn? (1)
    11.1 Waarom het hulle so reageer? (1)

**Bl. 52**

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae :

| |
|---|
| Fiela: Dis Benjamin, my hanskind<br>Lange: Wat jy waar gekry het, vra ek jou.<br>Fiela: Waat kry jy hansgoed? Ek het hom gekry waar sy ma hom gelos het, dis waar ek hom gekry het. |

12. Hoe lank gelede het Fiela die kind gekry? (1)

13. Wat is ‘n “hanskind”? (1)

14. Het Fiela presies geweet hoe oud die kind was toe sy hom gekry het? Motiveer. (2)

15. Het die kind gestaan of gelê toe Fiela hom gekry het. (1)

**[20]**

**Bl 53**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

| | |
|---|---|
| Lange: | Maar dit gee jou nie die reg om hom te hou nie. Dis ‘n wit kind! |
| Fiela: | Moes ek hom buite laat staan het? |
| Lange: | Moenie vir jou probeer slim hou nie vrou. |

16. Kies die korrekte antwoord:

Lange was die meeste ontsteld oor die feit dat….

A: Fiela bruin was
B: dit ‘n wit kind was
C: dit ‘n bruin kind was
D: dat Fiela haar slim hou (1)

17. Wat sou jy gedoen het as jy in Fiela se situasie was? (1)

18. Voltooi die volgende aanhaling deur die korrekte woorde in die raampie te gebruik:

| werfvolk,wit, bruin |
|---|

“ Wat van 18.1 ______ kinders op die 18.2 _____mense se werwe. “
“ Dis die 18.3 ______ sekinders.” (3)

19. Hoe beantwoord Lange Fiela se vraag ten opsigte van die “werfvolk” se kinders? (1)

20.Watter opsies gee die sensusmanne aan Fiela wat sy met die kind kon gedoen het. Noem TWEE. (2)

21. Waarom het Fiela nie die opsies oorweeg nie? (2)

**[10]**

**Bl. 54**

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae:

| | |
|---|---|
| Lange: | Jy het die kind skelm gehou. |
| Fiela: | Ek het hom van niemand gesteel nie. |
| Benjamin: | Ma… |
| Fiela: | Loop speel Benjamin. Loop kry jou skuit op die water. |

22. Hoe spreek Benjamin vir Fiela aan? (1)

23. *Dikke*verbind Benjamin met die kind wat weggeraak het in die bos. Wie was dié gesin? (1)

24. Wat beteken die uitdrukking "visvang in 'n emmer"? (1)

25. Watter twee natuurverskynsels sou dit vir die kind onmoontlik gemaak het om na Fiela se huis toe te loop. (2)

26. Wat was die beslissing wat Lange maak oor die kind? (1)

27. Wat dink jy wil Lange die kind vra? (1)

28. Dikke stel voor dat hulle die kind moet saamneem. Hoe reageer Fiela hierop? (1)

29. Wie het die kind se naam as Benjamin Komoeti in die Goewermentsboek geskryf? (1)

30. Waarom het Fiela nie die kind se ma probeer soek nie? (1)

**[10]**



**Lange**



**Dikke**

**ANTWOORDE**

1. Sy moes eers die Bybel gaan haal. (1)
2. Sy het dit van haar pa geëerf. (1)
3. Fiela se pa. (1)
4. Nee. Benjamin is nie haar kind nie. Sy het 4 kinders van haar eie. (1)
5. C. – minagtend (1)
6. (a) pagters = grondhuurders (b) werfvolk = plaaswerkers (2)
7. Kittie is die oudste en Emma is die jongste (1)
8. Hy praat nie met respek van haar nie "Tydens watter pes of ellende is jy gebore?" (1)
9. Omdat sy weet dis nie haar eie kind nie./ Dis 'n "optelkind"/ "hanskind" (1)

   9.1 Benjamin (1)
   9.2 Nee. Sy het gemaak asof sy die seun se geboortedatum uit die Bybel lees. (1)

10. Op Wolwekraal se werf is daar nie plek vir (swerwers wat rondreis / <u>mense wat te lui is om te werk</u>) nie. (1)
11. Geskok/ Lange ruk sy bril af en Dikke se mond val oop. (1)

    11.1 'n Wit kind by 'n bruin gesin was ongewoon. (veral in daardie jare) (1)

12. Nege jaar gelede (1)
13. 'n Kind wat nie deur sy eie ma grootgemaak is nie. (1)
14. Nee. Sy het sy ouderdom <u>geskat</u>. (2)
15. gestaan (1)

**[20]**

16. B: dit 'n wit kind was (1)
17. Ope vraag.

    Sou dieselfde opgetree het.
    Sou die magistraat gaan sien.
    Sou die foto van die kind in die koerant geplaas het

[Enige logiese antwoord] (1)

18. " Wat van 18.1 **bruin** kinders op die 18.2 **wit** mense se werwe.
    " Dis die 18.3 **werfvolk** se kinders." (3)

19. Hy sê dis 'n ander saak. Die kinders gaan saans huistoe. (1)

20. Sy kon magistraat toe gaan./ Sy kon die kind grootplaas toe vat – na baas Petrus Zondag

21. Die kind wou nie meer van Fiela se rok af nie. (1)

**[10]**

22. As "Ma" (1)

23. Die Van Rooyens (1)

24. Probeer die ontmoontlike doen./ probeer iets soek wat nie waar is nie. (1)

25. Bos en bergreekse (2)

26. Dis 'n saak vir die hoër gesag. (1)

27. Of die kind weet hoe hy by Fiela se huis gekom het. (1)

28. Sy sê hulle sal eers haar keel moet afsny voordat hulle die kind vat. (1)

29. Lange (1)

30. Sy sê dat 'n ooi (verwys na kind se ma) wat haar lam weggooi draai nie weer om nie. (1)

**[10]**